**SONDAG 20 JULIE 2003**
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**
**AANDDIENS**

# LITURGIE

| **WIE** | **WAT** | **DETAIL** | **BORD/MUSIEK** |
|---|---|---|---|
| Elsabè | Lof-en-aanbidding | Jubel o nasies<br>Die liefde van Jesus<br><br>Getuienis? (Elsabe speel saggies)<br><br>Cast Your burdens<br>As jy glo en vertrou<br>Blessed be the name<br>Father God I wonder<br>Let Your living waters<br>Kom o Skeppergees | JG26:1-3<br>dieliefd<br><br><br><br>cast<br>asjyglo<br>blessed<br>father / wonder<br>living<br>skepper |
| | Gebed | | |
| Liturg | Skriflesing | 2 Kor 12:7-10 | Skrif |
| Liturg | Preek | “As ons swak is, is ons sterk!” | Skrif |
| Almal | Gebede | | |
| Diakens | Offergawe | | |
| Liturg | Afkondigings | | Afkondig |
| Elsabè | Liedere | JG38:1-5 “Ons is almal hier tesaam” (addisionele verse) | JG38:1-5 |
| Elsbè | Seën | Seënbede | |

# INLEIDING

Hoofbron: **Overcoming Handicapped Lives** by Roger Barrier

Ons praat vanaand oor beperkinge

- Baie van ons leef dag vir dag saam met beperkinge.
- Partykeer vra ‘n mens “waarom?”, “hoekom ek?”, “hoekom moet dit met my gebeur?”
- Soms raak mense se beperkinge te veel vir hulle.

Die groot vraag is:

- Hoe kan ‘n mens saamleef met jou beperkinge?
- Is dit enigsins moontlik?

Ek wil graag vanaand (ter inleiding) vir julle vertel van 3 mense in die geskiedenis.

- Hulle al 3 reuse beperkinge gehad.
- Hulle het genoeg rede gahad om moed op te gee.
- Maar ten spyte van hulle beperkinge het hulle vasgebyt en die lewe voluit geleef.
- Ten spyte van beperkinge groot dinge gedoen.

## LOUIS PASTEUR

- *By 1875 many physicians recognized that some diseases were accompanied by specific microorganisms, but the body of medical opinion was unwilling to concede that important diseases --cholera, diptheria, scarlet fever, childbirth fever, syphilis, smallpox - could ever be caused by these agents.*

- *To give you an idea of the magnitude of the problem, according to Pasteur's biographer son-in-law Vallery-Radot between April 1 and May 10, 1856, in the Paris Maternity Hospital there were 64 fatalities due to childbirth fever out of 347 confinements. The hospital was closed and the patients were transferred to a different hospital. Sadly, the contagion followed these women and nearly all of them died!*
- *As Pasteur wandered through hospital wards he became increasingly aware that infection was spread by physicians and hospital attendants from sick to healthy patients. Pasteur impressed on his physician colleagues that avoidance of microbes meant avoidance of infection. In a famous speech before the august Academy of Medicine in Paris he stated, "This water, this sponge, this lint with which you wash or cover a wound, may deposit germs which have the power of multiplying rapidly within the tissue....If I had the honor of being a surgeon....not only would I use none but perfectly clean instruments, but I would clean my hands with the greatest care...I would us only lint, bandages and sponges previously exposed to a temperature of 1300 to 1500 degrees. Slowly, but surely, through the preachings of Pasteur, Lister and other physicians antiseptic medicine and surgery became the rule.*

http://www.louisville.edu/library/ekstrom/special/pasteur/cohn.html

## Beperkinge in sy lewe

- 5 kinders - 3 van hulle sterf aan kindersiektes
- Sy suster is verstandelik gestrem agv ‘n kindersiekte
  - In plaas daarvan dat dit sy moed gebreek het, het dit hom aangespoor om iets te doen sodat ander mense nie hulle kinders ook moet verloor nie.
- Pasteur self het breinbloeding gehad
  - verskeie “strokes”
  - Gedeeltelik verlam (links)
- In plaas van waardering...

- Baie teenkanting van dokters en veeartse.
- Staande gehou deur sy christelike geloof
- "*''The more I study nature, the more I stand amazed at the work of the Creator''*

http://www.answersingenesis.org/docs/1221.asp

## **JOHN MILTON** (skrywer)

- John Milton was een van die grootste Engelse skrywers wat daar was.
-

## Beperkinge in sy lewe

*Wil jy weet watter beperkinge was daar in Milton se lewe?*
*Blaai maar net deur 'n biografie van sy lewe.*
*Kom ek lees vir julle 'n uittreksel uit een bladsy van sy lewe:*

**1652** February. Becomes totally blind towards the end of the month, most likely as the result of glaucoma.
May 2. Daughter Deborah born.
May 5. Wife Mary dies, probably from complications following childbirth.
June 16 (?). Son John dies under somewhat mysterious circumstances (may have been neglected by a nurse; see Parker, *Milton* 1: 412).

1656 November 12. Marries Katherine Woodcock.
1657 October 19. Daughter Katherine born.
1658 February 3. Katherine Woodcock dies.
March 17. Daughter Katherine dies.

Hy het genoeg rede gehad....

- om te gaan lê
- om boedel oor te gee
- om 'n volslae alkholis te word
- om lewenslank in 'n inrigting te gaan sit
- om net nie meer te wil lewe nie

Maar ten spyte van al sy beperkinge het hy deurgedruk / vasgebyt
En 9 jaar later publiseer hy een van sy grootste werke: Paradise Lost

1667 Paradise Lost published, in ten books. Milton's agreement with Samuel Simmons the printer is the earliest author's contract preserved (Lindenbaum).

http://www.urich.edu/~creamer/milton/chron.html

## LUDWIG VON BEETHOVEN (1770-1827)

- *Seun van tenoorsanger Johan von Beethoven*
  - *pa was 'n abie aggressiewe en gewelddadiige man*
  - *kom saans laat en gedrink by die huis en sleep Ludwig uit die bed om musieklesse in sy kop in te dreun... "Beat"*
  - *Stories dat sy pa hom geforseer het om viool te speel tot vermaak van sy drink-vriende*
  - *Ten spyte van dit alles ontwikkel hy 'n besondere aanvoeling en liefde vir musiek*
- *Sy ma is vroeg in sy lewe dood*
  - *Daarna het sy pa voluit begin drink*
  - *Beethovenmoes kyk na sy 2 jonger boeties en sy 1 jaar oue sussie.*

        - *1789 - gaan na pa se werk en reël dat hy maandeliks die helfde van sy pa se salaris kry om vir gesin te sorg - sy pa kon die res uitdrink.*
        - *1792 sterf sy pa - niemand was baie hartseer nie*
        -
- *Eerste publieke optrede op 8 jaar (klavier)*
    - *9 Variasies vir musiek in C mineur - ouderdom 10*
- *Bonn kamerorkes vanaf 1887*
- *Gaan studeer in 1887 onder Mozart.*
    - Beethoven must have felt a little out of his depth for he was clumsy and stocky; his manners were loutish, his black hair unruly and he habitually wore an expression of surliness on his swarthy face. It was here that Beethoven met the great Mozart, who was dapper and sophisticated. He received the boy doubtfully, but once Beethoven started playing the piano his talent was evident. "Watch this lad," Mozart reported. "Some day he will force the world to talk about him."

- Moeder sterf - moet terugkom om vir gesin te sorg.
- Vanaf 1795 musikant in eie reg.
- 1798 - ontdek dat hy ‘n gehoorprobleem begin kry.
    - Eerste konsert in eie reg op 2 April 1800
    - Een jaar later raak sy gehoorprobleem te veel vir hom.
    - Op 1 Julie 1801 skryf hy vir ‘n vriend (Karl Ameda) *“How often I wish you were here, for your Beethoven is having a miserable life, at odds with nature and its Creator, abusing the latter for leaving his creatures vulnerable to the slightest accident ... My greatest faculty, my hearing, is greatly deteriorated.”*

    - *In ‘n brief aan Wegeler skryf hy: “How can I, a musician, say to people "I am deaf!" I shall, if*
      *I can, defy this fate, even though there will be times when I shall be the unhappiest of God's creatures ... I live only in music ... frequently working on three or four pieces simultaneously.”*

    - Tog skryf hy later: “*Free me of only half this affliction and I shall be a complete, mature man. You must think of me as being as happy as it is*
      *possible to be on this earth - not unhappy. No! I cannot endure*
      *it. I will seize Fate by the throat. It will not wholly conquer*
      *me! Oh, how beautiful it is to live - and live a thousand times over! “*

- *1820 kon hy glad nie meer verbaal kommunikeer nie - moes alles neerskryf (“conversation notebooks”)*
- *Laaste jare: leef as rustelose wewenaar - gekenmerk deur ernstige siekte*
- *Gevolg:*
    - *Ludwig von beethoven kon nie meer klavier speel nie.*
    - *Hou hom voltyds besig met komponering.*
    - *Komponeer van die grootste werke van alle tye*

http://www.lucare.com/immortal/

Van die grootste dinge in die geskiedenis is gedoen deur “handicapped people”

- Mense met beperkinge
- Mense met seer
- Mense met “waaroms”
- Mense soos ek en jy.

Is dit nie dieselfde Paulus met die doring in sy vlees wat twee derdes van die nuwe Testament geskryf het nie?

Is dit nie die Moses met die spraakgebrek wat die volk uit Egipte uit gelei het nie?

- Of Jefta uit die gebroke huis wat die volk moet bevry van die vyande nie?
- Is die nie die kinderlose Hanna wat die ma word van een van die grootste profete in die Ou Testament nie?

Jy sien: jy kan jou beperkinge gebruik as ‘n verskoning.

- Iets waaragter jy skuil.
- Iets wat jou keer om voluit te lewe.

Of jy kan jou beperkinge gebruik as ‘n motivering.

- ‘n uitdaging.
- ‘n geleentheid.

Hoe is dit moontlik?

**1. OM BEPERKINGE TE OORKOM....**
**.....AANVAAR DAT GOD JOU BEPERKINGS MET ‘N DOEL TOEGELAAT HET**

Party mense glo dat alles wat in die skepping gebeur vam God af kom.

- Hy stuur siekte.
- Hy stuur gesondheid.
- Hy stuur reën.
- Hy stuur droogte.
- Hy stuur werk.
- Hy stuur werkloosheid.
- Hy besluit wie word gesond gebore.
- Hy besluit wie word met ‘n gebrek gebore.

Ek glo weer ‘n bietjie anders.

- Ek sukkel om te glo dat alles in die skepping net so van God af kom.
- Daarom kom die beperkinge in my lewe nie noodwendig van Hom af nie.
- MAAR: om een of ander rede laat Hy dit toe.
- HY kon dit ook gekeer het as Hy wou.
- Maar om een of ander rede laat Hy dit toe.

Dis interessant:

- 2 Kor 12 sê nie dat die Here vir Paulus ‘n doring in die vlees gegee het nie.
- Daar staan (in die passiewe vorm): “Daarom is daar vir my ‘n doring gegee..”
- Ons kan moeilik hieruit aflei of God dit gegee het of net toegelaat het.

MAAR die feit bly staan:

- As God die beperkinge in my lewe wou gekeer het, kon Hy dit doen.
- As Hy my wou verlos het van een of ander beperking, kon Hy dit gedoen het.
- Nie waar nie?
- Maar om een of ander rede laat Hy dit toe.

- Hy kon Paulus se doring weggeneem het.
- Hy kon “ja” gesê het.
- Hy kon sy situasie verander het.
- Maar om een of ander rede het Hy dit nie weggeneem nie.
- Om een of ander rede het Hy dit toegelaat.

En dit bring ons by die eerste punt:

- As ek my beperkinge wil oorwin, moet ek aanvaar dat God dit om een of ander rede toegelaat het.

- En dit beteken dat ek moet vrede maak met my beperking as sulks.
- Ek kan vir die res van my lewe opstandig wees teenoor God, of ek kan aanvaar dat Hy dit om een of ander rede toegelaat het en dat ek miskien (eers) eendag sal verstaan hoekom.

In Paulus se geval het die Here vir hom gesê waarom Hy dit toegelaat het.

- *v7 "Daarom, **sodat ek nie hoogmoedig** sou wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan.*
- Hoekom het God die doring gegee of toegelaat?
- Sodat Paulus nie (geestelik) hoogmoedig sou raak nie.
- Sy beperking (handicap) sou hom needrig/op die grond hou.

Jakob loop mank???

Miskien het die Here jou beperking toegelaat...

- ...om jou nederig te hou
- ...om jou by Hom te hou
- ...om jou te beskerm van ander gevare
- ...om jou meer effektief te kan gebruik tussen ander stukkende mense omdat jy self hartseer beleef en verstaan

Stap 1: Aanvaar dat God dit om een of ander rede toegelaat het.

**2. OM BEPERKINGE TE OORKOM....**
**... SIEN DIT AS 'N GELEENTHEID**

Om een of ander rede vergelyk ons onsself graag met ander.

- Meesal met mense wat "meer" as ons het.
- Hoekom kan ek nie so gesond soos daardie ou wees nie?
- Hoekom kan ek nie so groot en sterk soos daardie een wees nie?
- Waarom is my kinders nie slim soos so en so se kinders nie?
- Waarom kan ek nie ook in 'n mooi groot huis bly nie?
- Waarom is my huweliksmaat nie soos so en so se huweliksmaat nie?
- Waarom het ek nie soveel geld soos so en so nie?
- Waarom is ek nie so suksesvol soos so en so nie?

Ons vergelyk onsself graag met ander mense wat "meer" as ons het.

- En dan besef ons net weer ons beperkinge.

Waarom vergelyk ons onsself nooit met mense wat "minder" as ons het nie?

- Die ou wat in 'n plakkerhut bly terwyl ek in 'n huurhuis bly?
- Die ou wat baie sieker is as ek?
- Die ou wat nie eers 'n werk het nie?
- Die ou wat se kinders totaal gestremd is?

Wat is die punt?
Die punt is as volg:

- As ek myself heelpad vergelyk met mense wat "meer" het as ek, besef ek net al hoe meer my beperkinge.
  - En dan word ek ongeluukig.
  - En kwaad.
  - En opstandig
  - En ontevrede
- Maar as ek myself vergelyk met mense wat "minder" het as ek, besef ek skielik hoeveel geleenthede ek het.
  - Gaan dink 'n bietjie mooi: watter geleenthede skep jou beperking vir jou?
  - [ Verhaal: vader Damien - geen suksesse onder melaatses - uiteindelik staan hy gereed om te vertrek - wag vir die skip - hande jeuk - hande vol klein wit blasies - besef hy het ook

melaats - gaan terug en gaan werk onder die melaatses - en vir die eerste keer kom daar ‘n deurbraak... ]

- Watter geleenthede skep jou beperking vir jou?
- Watter geleenthede skep jou beperking vir God.

Dit bring ons by die derde punt:

**3. OM BEPERKINGE TE OORKOM....**
**... HOU OP OM JOUSELF MET ANDER TE VERGELYK MET ANDER MENSE EN GENIET DIT WAT JY HET (INVENTARIS)**

Hou op om jou te vergelyk met ander mense.

- Hou op om heelpad raak te sien wat jy nie het nie en kyk vir ‘n slag na alles wat jy het.
- Maak ‘n lys van alles wat jy ontvang het.
  - Jou gawes.
  - Jou talente.
  - Jou liggaam.
  - Jou besondere persoonlikheid.
  - Jou familie en vriende.
  - Jou beroep.
  - Jou besittings.
  - Maak ‘n lys van dit alles.
- En dank God vir dit wat jy het.

Waar in die Bybel kry ‘n mens ‘n mooier voorbeeld as die van Job.?

- Job 1:20 “Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê: “Sonder iets het ek in die wêreld gekom, en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here”.

Jesus het op ‘n stadium ‘n gelykenis vertel van arbeiders wat op verskillende tye gehuur is.

- En aan die einde van die dag het die eienaar vir elkeen beloon soos hy wou.
- En toe het daar groot ongelukkigheid ontstaan tussen die werkers.
- Hoekom kry ons soveel en hulle soveel?
- Sien: hulle was doodgelukkig met die betaling totdat hulle hulself met die ander werkers begin vergelyk het.
- Toe is hulle ongelukkig.
- En hulle is kwaad.
- En hulle voel nie meer tevrede met hulle betaling nie.

Hou op om jouself te vergelyk met ander mense.

- Hou op om te vra hoekom het jy hierdie doring en die ander ouens nie.
- Loof die Here vir dit wat jy het.

**4. OM BEPERKINGE TE OORKOM....**
**... DORINGS SKEP GELEENTHEID VIR GEESTELIKE GROEI**

> *5. Oor hierdie man sal ek roem, maar nie oor myself nie, behalwe oor my swakhede.*
>
> *10. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.*

Paulus sou wat wou gee om ontslae te raak van die doring in sy vlees.

- Dit het hom so gepla dat hy 3x vir die Here gevra het om dit weg te neem.
- Dit was vir hom ‘n groot saak.
- Dit was ‘n gebedsaak.

MAAR om een of ander rede het God besluit om dit nie weg te neem nie.

- Hy sou (vir die res van sy lewe) moes saamleef daarmee.

Maar luister nou hoe beskryf hy dit:

- "*10. Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.*"

- Hy aanvaar dit nie net nie.
- Hy sê: Ek is bly daaroor...
- Grieks sou direk vertaal kon word met "Ek is heeltemal tevrede.." (JFB)
- Ek aanvaar nie net my beperking nie; Ek is bly oor my beperkings!

Hoekom?

- Want dit maak my geestelik 'n sterker mens.
- Wanneer ek swak is, ervaar ek die krag van Christus soos nooit tevore
    - "The cause assigned why the apostle took such pleasure in his sufferings and abasements, because they gave him such experience of the power of Christ; insomuch that when he was most weak in himself, he was then most strong in Him. When I am weak, then am I strong; which words are a divine paradox or riddle." (WBN)

**5. OM BEPERKINGE TE OORKOM....**
**... VIND JOU KRAG IN GOD SE GENADE**

- v9 "Sy antwoord was: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is."

- Ons bid dikwels dat die Here ons beperkinge moet wegneem.
- Dis nie verkeerd om dit te bid nie.
- Maar dikwels wil Hy dit nie wegneem nie.
- Wil Hy vir ons eerder die genade gee om daarmee saam te leef.
- Sodat Hy die doel (die rede waarom HY dit toegelaat het) kan bereik wat Hy aanvanklik daarmee gehad het.

Jy alleen sal weet watter beperkinge jy vanaand mee worstel.

- Ek glo jy het ook soos Paulus 'n klomp keer vir die Here gevra om dit weg te neem.
- En dalk sê Hy vanaand opnuut vir jou.
    - Ek wil dit nie wegneem nie.
    - Ek het dit met 'n doel toegelaat.
    - Maar weet vanaand verseker dat My genade vir jou genoeg sal wees.
        - Ek sal jou help.
        - Ek sal jou krag gee.
        - Ek sal jou gebruik met jou beperking.
        - Maar Ek gaan dit nie wegneem nie.

Maak vanaand vrede met die beperkings in jou lewe.
En dank God vir Sy genade.